

## IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK BLOEMFONTEIN

Siviele Saaknommer 18786/2005

**EISER**

SAND DU PLESSIS PRIMÊRE SKOOL

**VERWEERDER**

D.J. VICTOR

---

## UITSPRAAK

---

Mnr. P.H.T. Colditz van die firma Schoeman Maree Ingelyf en Mnr. A.S.C. du Preez van die firma McIntyre en van der Post het onderskeidelik by die verhoor namens die eiser en die verweerder verskyn.

Die eiser eis 'n bedrag van R4 000.00 van die verweerder vir:

“Skoolgeld verskuldig deur verweerder aan eiser deur die beheerliggaam van eiser vasgestel kragtens die bepalings van Wet 84 van 1996 welke bedrag betaalbaar was op 31 Maart 2005.”

In antwoord op die verweerder se versoek om Nadere Besonderhede antwoord die eiser soos volg op 'n vraag van die verweerder: -

“Dit is nie die eiser se saak dat verweerder kontraktueel aanspreeklik is vir die betaling van gemelde skoolgelde nie. Dit is eiser se saak dat verweerder, as ouer, statutêr aanspreeklik is vir skoolgeld ooreenkomstig die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996.”

Die verweerder se verweer kom daarop neer dat hy van die betrokke kinders se moeder geskei is en dat hy nie die toesighoudende ouer van die betrokke kinders is nie omdat sy gewese eggenote kragtens die egskedingsbevel bewaring oor die kinders gekry het.

Die kruks van die verweerder se verweer is te vinde in paragraaf 12 van die verweerskrif en lui soos volg:

“In die vooropstelling pleit verweerder dat hy nie “ouer” is van die betrokke kinders, soos gedefinieer in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet Nommer 84 van 1996 saamgelees met artikel 102A(1) van die Wet op Onderwys Aangeleenthede, Wet 70 van 1988 nie. Verweerder pleit derhalwe dat hy nie statutêr aanspreeklik is vir betaling van skoolgelde teenoor die eiser nie.”

Ek sal vir doelmatigheidsredes vervolgens na die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 verwys as die Skolewet.

Die regsverteenwoordigers van die onderskeie partye het die hof by die aanvang van die verhoor versoek om die saak te bereg op die basis van ‘n gestelde saak ingevolge Reël 29(5). Die feite wat die basis vorm van die gestelde saak word soos volg uiteengesit in die “Verklaring van erkende feite ooreenkomstig Reël 29(5)”:-

Die feite:

1.

Eiser is ‘n openbare skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84/1996 (“die Skolewet”).

2.

Verweerder is die natuurlike vader van twee kinders wat albei gedurende 2005 ingeskrewe leerders was by eiser (“die leerders”).

3.

Eiser (ek neem aan dit moet lees verweerder) is op 13 Julie 2000 geskei van die leerders se natuurlike moeder kragtens 'n egskeidingsbevel en daarby ingelyfde akte van Dading, afskrifte waarvan hierby aangeheg is as Aanhangsel "DJV1".

4.

Die leerders is deur hulle moeder by die eiser as leerders ingeskryf.

5.

Skoolgeld ten bedrae van R4 000.00 is ten aansien van die leerders vir die jaar 2005 aan eiser verskuldig en is steeds uitstaande.

6.

Daar bestaan geen kontraktuele verbintenis tussen eiser en verweerder vir betaling van skoolgeld nie.

Die regspraak:-

7.

Of die verweerder kragtens die bepalings van Artikel 40 van die Skolewet teenoor eiser aanspreeklik is vir betaling van skoolgeld vir die leerders.”

*Die Engelse teks van die Skolewet is deur die President onderteken en gevolglik sal ek myself vir doeleindes van hierdie uitspraak bepaal by die Engelse teks daarvan.*

*Mnr. Colditz het met verwysing na die voorwoord tot die Skolewet saamgelees met die bewoording van Artikel 40 daarvan asook in die lig van die bewoording van regulasie 3 van die Regulasies vir Vrstelling van Ouers van Betaling van Skoolgeld (GK 1293 van 12 Oktober 1998) kragtens die Wet uitgevaardig, aangevoer dat die verweerder wel ‘n ouer is soos in die wet omskryf en daarom aanspreeklik is vir die betaling van skoolgelde.*

*Mnr. Colditz en Mnr. du Preez het beide in hul onderskeie betoë verwys na die beslissing van die Kaapse Provinsiale Afdeling in **Governing Body, Gene Louw Primary School v Roodtman***

*2004(1) SA 45 CPD. Mnr. Colditz was van mening dat die betrokke beslissing nie op die onderhawige feitestel van toepassing is nie omdat dit in die betrokke beslissing gegaan het oor die uitleg van Artikel 102A van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Administrasie Volksraad) Wet 70 van 1988 en omdat die definisie van die term ouer / “parent” in die 2 tersaaklike wette nie dieselfde is nie. Dit is gemeensaak dat Wet 70 van 1988 herroep is en dat die Wet nie in die onderhawige geval van krag was toe skoolgelde ten aansien van die betrokke kinders gehef was nie. Dit dien vermeld te word dat blykens die Akte van Dading die verweerder nie gelas was om die betrokke kinders se skoolgelde te betaal nie.*

*Mnr. du Preez was van mening dat die **Gene Louw**-beslissing wel op die feitestel in die onderhawige saak van toepassing is.*

*In die **Gene Louw**-saak is beslis dat die nie-toesighoudende ouer nie vir die betaling van skoolgelde aanspreeklik is nie. In Wet 70 van 1988 word die begrip “parent” soos volg omskryf:-*

*“Parent” in relation to a child means the parent of such child or the person in whose custody the child has been lawfully placed”;*

*En dan bepaal artikel 102A(1) van die betrokke wet dat:-*

“(1) The parent of a pupil admitted to a state-aided school shall pay such school fees as the governing body of that school may levy.”

*In die Skolewet word die term “parent” soos volg omskryf:-*

“(xiv) ‘parent’ means –

- (a) the parent or guardian of a learner;
- (b) the person legally entitled to custody of a learner;
- (c) the person who undertakes to fulfill the obligations of a person referred to in paragraphs (a) and (b) towards the learner’s education at school.”

*Artikel 40 van die Skolewet bepaal dat ‘n “parent” aanspreeklik is om skoolgelde vir sy kinders te betaal tensy hy of sy van die betaling van skoolgelde vrygestel is.*

*Die verweerder steun nie daarop dat hy van die betaling van skoolgelde vrygestel is nie.*

*Dit is duidelik dat die definisie van “parent” in Wet 70 van 1988 en die definisie daarvan in die Skolewet nie ooreenstem nie.*

*Alvorens ek met die verskille in die 2 definisies handel is dit raadsaam om te let op die reëls van wetsuitleg wat in casu toepassing vind.*

*Eerstens moet myns insiens gelet word op die bewoording van die besondere wetsartikel wat uitgelê moet word.*

*In die werk **Die Uitleg van Wette** deur L.C. Steyn, vyfde uitgawe op bladsye 4 tot 5 word soos volg opgemerk:-*

“En waar die wetgewer woorde gekies het om sy wil teenoor sy onderdane uit te druk, kan ook wel vermoed word dat hy, om ‘n bepaalde betekenis weer te gee, die woorde sou gebruik het wat vir sy onderdane daardie betekenis sal hê, anders sou sy wetgewing onverstaanbaar en futiel wees. Vandaar die vermoede dat sy woorde volgens hulle gewone betekenis verstaan moet word,

dit wil sê, volgens die betekenis wat hul gewoonlik in die samehang waarvan hulle gebruik word, in die mond van sy onderdane het.”

*Tweedens moet in ag geneem word dat ‘n wetsbepaling in samehang met die gemenereg uitgelê moet word. In die **Gene Louw**-beslissing word dit soos volg op bladsye 51 uiteengesit:-*

“The principle of statutory interpretation which requires a statute to be interpreted in conformity with the common law rather than against it has been described as “the most fundamental of all the presumptions [of statutory interpretations] since many others are merely axiomatic extrapolations of it.”

*Sien ook bladsy 98 van die werk Uitleg van Wette a.w.*

*Derdens moet ‘n wet ook so uitgelê word dat dit die persone waarop dit betrekking het so min moontlik beswaar. Op bladsy 103 van die werk Uitleg van Wette word dit soos volg gestel:-*

“By Forster vind ons in hierdie verband die reel dat ons die uitleg moet volg waardeur skade vermy word, waardeur die reg van ‘n ander, sover doenlik, die minste benadeel sal word, en dat



ons by twyfel die uitleg moet aanneem wat nie tot nadeel van ‘n derde strek nie. Waar dit oor so ‘n nadeel gaan, moet die uitleg streng wees.”

*En op bladsy 272:-*

“Die bevoegdheid om gelde of belastings op te lê word dan in die algemeen nie aangeneem nie, behalwe wanneer dit ten duidelikste blyk dat dit die bedoeling van die wetgewer was om daardie bevoegdheid te verleen.”

*In die werk Uitleg van Wette, a.w. op bladsy 145 tot 146 word met verwysing na gesag gesê dat die voorrede van ‘n wet ondersoek moet word om die bedoeling van die wetgewer vas te stel.*

*Ek is van mening dat die term “parent” aansienlik uitgebrei is in die Skolewet as dit vergelyk word met die omskrywing daarvan in Wet 70 van 1988. In Wet 70 van 1988 het die term “parent” eintlik net 2 kategorieë persone ingesluit naamlik:-*

1) *Die ouer van ‘n leerder; of*

2) *Die persoon onder wie se toesig die leerder wettiglik geplaas is.*

*Dit volg logieserwys dat by 2) die ouer inbegrepe is wat ingevolge 'n egskeidings= bevel toesig en beheer van 'n kind gekry het.*

*Die woordskrywing van “parent” in die Skolewet maak voorsiening vir 3 kategorieë persone wat resorteer onder die term “parent”. Anders as in die geval van Wet 70 van 1988 word die verskillende kategorieë persone wat as ‘n “parent” beskou moet word nie deur die woordjie “or” geskei nie wat, as aan die bewoording van die wet sy gewone betekenis gegee word, die indruk wek dat die woord “and” of “en” as die Afrikaans gebruik word tussen die kategorieë ingelees moet word. Die enigste plek waar die woord “or” gebruik word is tussen “parent” en “guardian”. Ek meen dat dit moontlik bedoel is vir gevalle waar beide die ouers oorlede is.*

*Dit is inderdaad so dat die verweerder gemeenregtelik nie vir die betaling van skoolgelde aanspreeklik sou wees nie soos ek ook meen deur die **Gene Louw**-beslissing bevestig is omdat daar geen kontraktuele verbintenis tussen die eiser en verweerder bestaan het vir die betaling van skoolgelde nie.*

*Ek meen dat die woordskrywing van die begrip “parent” duidelik genoeg is om te bevind dat die wetgewer bedoel het dat die nie-toesighoudende ouer van ‘n leerder aanspreeklik is vir die betaling van skoolgelde. Die uitleg van die betrokke artikel word versterk as gelet word op die voorwoord van die Skolewet wat ondermeer soos volg lui:-*

“uphold the right of all learners, parents and educators, and promote their acceptance of responsibility for the organisation, governance and funding of schools in partnership with the state.”

Die regulasies uitgevaardig kragtens die Skolewet en in die besonder regulasie 3(a) waar dit gaan oor die vrystelling van skoolgelde, gebruik die gesamentlike inkomste van beide ouers as uitgangspunt om te bepaal of vrystelling van skoolgelde verleen moet word wat ‘n sterk aanduiding is dat dit die wetgewer se bedoeling was om beide ouers aanspreeklik te hou vir die betaling van skoolgelde.

In die lig van die voormelde faktore is ek van mening dat die bewoording van die besondere artikel en die ander tersaaklike faktore waarmee ek reeds gehandel het, oorweldigend daarop dui dat die wetgewer bedoel het dat die gemene reg gewysig word om ook die nie-toesighoudende ouer aanspreeklik te maak vir die betaling van skoolgelde.

Bygevolg moet die eiser se eis slaag en word soos volg uitspraak gegee:-

Vonnis word ten gunste van die eiser toegestaan in die bedrag van R4 000.00 plus rente teen 15.5% per jaar vanaf 1 April 2005 tot datum van betaling plus koste.

**T.M. VILJOEN**  
**ADD.LANDDROS**